12 Julie 2020

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

Romeine 8: 1-11

ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Gee ‘n definisie vir die woorde veroordeel en vrygemaak.

word stil

Lees Psalm 119: 105-112 as ‘n gebed.

Dink na oor kere waar jy nie gehou het by die bepalinge van die Here nie, en kere waar jy dit wel gedoen het.

GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
Romeine 8: 1-11

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Wat is die twee “wette” wat teenoor mekaar gestel word? Hoe verskil hulle en wat is die implikasies van elk?
- Deur Jesus is jy vrygemaak van die houvas van die sonde. Hoekom is dit betekenisvol? Beteken dit dat jy nooit weer gaan sondig nie? Of dat jy maar kan sondig, want jy is mos klaar vrygemaak?
- Wat beteken dit om deur jou sondige natuur beheers te word? Wat beteken dit om deur die Gees beheers te word? Noem voorbeelde uit jou lewe wat die verskil verduidelik.
- Wat doen jy om te verseker jy word deur die Gees beheers?”
- Hoekom voel ons dikwels meer soos mense wat veroordeel word as mense wat vrygemaak is?
- Hoe gee die teksgedeelte jou hoop vir die tye wanneer jy gefrustreerd voel met jou geloofslewe?
- Aan die hand van die teksgedeelte en julle gesprek, hoe sal jy genade verwoord?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

Dink aan jou verhoudings met ander. Hoe help die teks jou daarmee?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle ’n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.